21 SEPTEMBER EN 5 OKTOBER 2026

# Tygie-nuus

LAERSKOOL TYGERPOORT DOELGERIG

**Webtuiste:** www.tygies.co.za | **Facebook:** facebook.com/Tygies | **E-pos:** admin@tygies.co.za

FILIPPENSE 4:19 God sal uit sy heerlike rykdom vir julle voorsien in elke behoefte wat julle het.

| PROGRAM VIR DIE WEEK | |
|---|---|
| **MAANDAG – 21 SEPTEMBER** **Skolierpatrollie - Groep 2** **Dag 3** | |
| • **Naskool: Vakansieprogram inskrywings sluit** (Inskrywingsvorm) | |
| • Tennis (Oop A en -B, o.11A en -B: Seuns): Oefening | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (dogters): Oefening | 06:30 – 07:10 |
| • Sokkie (graad 4-7): Kaartjies beskikbaar (sien bladsy 5) | |
| • Juniorkoor (leerders wat afwesig was): Oudisies (K11) | 13:15 |
| • Tennis: Liga (sien Team App) | |
| • Rugby 7's (o.11 en o.12: A- en B-spanne): Oefening | 17:00 – 18:00 |
| **DINSDAG – 22 SEPTEMBER** **Skolierpatrollie - Groep 2** **Dag 4** | |
| • Juffrou Johanné Laubscher verjaar! | |
| • Voortrekkers (dra Voortrekkerdrag skool toe): Verjaarsdag | |
| • Tennis (Oop A en -B, o.11A en -B: Dogters): Oefening | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening | 06:30 – 07:10 |
| • Lofdansers: Oefening | 13:15 – 13:45 |
| • Hokkie (o.13A: Seuns en dogters): Champ of Champs | |
| • Minihokkie (graad 1-3): Afsluiting (piekniek) | 14:00 – 14:30 |
| • Rugby 7's (o.11 en o.12: A- en B-spanne): Oefening | 14:00 – 15:00 |
| • Stoei (o.7 - o.13): Oefening (skoolsaal) | 18:00 – 20:00 |
| **WOENSDAG – 23 SEPTEMBER** **Skolierpatrollie - Groep 3** | |
| • Skool sluit (sien bladsy 3) | |
| • Hokkie (o.13A: Seuns en dogters): Champ of Champs | |
| **DONDERDAG – 24 SEPTEMBER** **Erfenisdag** | |
| • Hokkie (o.13A: Seuns en dogters): Champ of Champs | 06:30 |

## BEGROTINGSVERGADERING MET OUERS

DONDERDAG, **8 OKTOBER** OM **18:00**

Voorgestelde skoolgeld, -begroting en oorsig vir 2027

| VAKANSIE | |
|---|---|
| • Mev. Anjé Mann verjaar! | 26 September |
| • Bergfietsry: SAS | 27 - 29 September |
| • Gholftoer: Margate | 27 September - 2 Oktober |
| • Naskool: Vakansieprogram | 28 September - 2 Oktober |
| • Mev. Annah Seloma verjaar! | 29 September |
| • Mnr. Thomas Banda verjaar! | 1 Oktober |
| • Juffrou Demi van Rooyen en mnr. Edward Ramaila verjaar! | 3 Oktober |

| KWARTAAL 4: PROGRAM VIR DIE WEEK | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG – 5 OKTOBER** | **Skolierpatrollie - Groep 4** | |
| • **Skool open** | | |
| • Tennis (Oop A en -B, o.11A en -B: Seuns): Oefening | | 06:30 |
| • **Atletiek: Massabyeenkoms** (sien bladsy 4) | | |
| • Krieket (o.12A en o.13A): Oefening (krieketnette) | | 14:00 – 15:30 |
| • Minikrieket (graad 1): Oefening (B-rugbyveld) | | 17:00 – 18:00 |
| • Rugby 7's (o.11 en o.12: A- en B-spanne): Oefening (tyd sal per WhatsApp deurgegee word) | | |
| **DINSDAG – 6 OKTOBER** | **Skolierpatrollie - Groep 4** | **Dag 1** |
| • Tennis (Oop A en -B, o.11A en -B: Dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Lofdansers: Oefening | | 13:15 – 13:45 |
| • Personeel: Vergadering | | 14:00 |
| • Krieket: Uitspele (sien Team App) | | |
| • Krieket (o.10A): Oefening (krieketnette) | | 14:00 – 15:30 |
| • Krieket (o.11A): Oefening (veldwerk) | | 14:00 – 15:30 |
| • Krieket (o.9A): Oefening (krieketnette) | | 15:30 – 17:00 |
| • Stoei (o.7 - o.13): Oefening (skoolsaal) | | 18:00 – 20:00 |
| **WOENSDAG – 7 OKTOBER** | **Skolierpatrollie - Groep 5** | **Dag 2** |
| • Tennis (Oop C en o.11C & -D: Seuns, Oop seuns reserwes): Oefening | | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (dogters): Oefening | | 06:30 – 07:10 |
| • Marimba-orkes: Oefening | | 07:00 |
| • Mininetbal en -hokkie: Prysuitdelingsfunksie (skoolsaal) | | |
| • Atletiek: Oefening | | Oefentye |
| • Skaak (graad 1-3) in juffrou Celestine se klas (G4) | | 13:15 – 14:00 |
| • Krieket: Uitspele (sien Team App) | | |
| • Swem: Vriendskaplik (H/s Waterkloof) | | |
| • Skaak (graad 4-7) in juffrou Celestine se klas (G4) | | 14:00 – 15:00 |
| • Krieket (o.10A): Oefening (veldwerk) | | 14:00 – 15:30 |
| • Krieket (o.11A): Oefening (krieketnette) | | 14:00 – 15:30 |

| DONDERDAG – 8 OKTOBER | Skolierpatrollie - Groep 5 | Dag 3 |
|---|---|---|
| • Tennis (o.11C-dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Tennis (o.11E & -F: Seuns): Oefening | | 06:30 |
| • Tennis (Reserwes: Oop-dogters & o.11-seuns en -dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening | | 06:30 – 07:10 |
| • Krieket: Uitspele (sien Team App) | | |
| • Atletiek: Oefening | | Oefentye |
| • Redenaars: Oppie Tong Af Nasionale finaal (Trinityhouse – Centurion) | | |
| • **Begrotingsvergadering met die ouers: Skoolsaal** | | 18:00 |
| • Stoei (o.7 - o.13): Oefening | | 18:00 – 20:00 |
| **VRYDAG – 9 OKTOBER** | **Skolierpatrollie - Groep 5** | **Dag 4** |
| • **Fotodag (kwartaal 3): Kultuur- en ander groepfoto's** | | |
| • Rugby 7's (o.11B en o.12B): Wedstryde (L/s Constantiapark) | | |
| • Redenaars: Oppie Tong Af Nasionale finaal (Trinityhouse – Centurion) | | |
| • Voortrekkers: Uitslaap Museum (graad R-2) | | |
| • Sokkie (graad 4-6): Sien bladsy 5 | | 18:00 – 20:00 |
| • Sokkie (graad 7): Sien bladsy 5 | | 18:00 – 20:30 |
| **SATERDAG – 10 OKTOBER** | | |
| • Rugby 7's (o.11A en o.12A): Wedstryde (L/s Villieria) | | |
| • Rugby 7's (o.11B en o.12B): Wedstryde (L/s Constantiapark) | | |
| • Redenaars: Oppie Tong Af Nasionale finaal (Trinityhouse – Centurion) | | |
| • Voortrekkers: Uitslaap Museum (graad 3-5) | | |
| **SONDAG – 11 OKTOBER** | | |
| • **Juffrou Christine Wood verjaar!** | | |

## KLEREWINKEL

Die Klerewinkel se tye vir die dag wat die skool sluit, **23 September**, is **07:00 - 09:30** en sal gesluit wees die middag. Dit open dan weer op Maandag, 5 Oktober gewone ure 07:00 - 08:00 en 12:30 - 14:30.

## SKOOL EN NASKOOL SLUIT

- Die skool sluit **Woensdag, 23 September.**
- Die **vorderingsverslae** kan tussen **07:20** en **09:00** by die klasse afgehaal word. Indien leerders hul verslae wil neem en dan vertrek, is hul welkom. Daar sal wel tot 10:00 toesig wees.
- **Neem kennis:**
  - Geen akademiese program word hierdie dag gevolg nie.
  - Indien 'n leerder dié dag afwesig is, sal punte vir kwartaal 3 beskikbaar wees op die d6 App.
- Die **naskool sluit** op Woensdag, **23 September** om **17:30**. Laat weet asseblief die naskool voor Maandag, **21 September** of u kind dié dag die naskool gaan bywoon. Ons wil bepaal hoeveel kos ons moet bestel vir daardie dag. Die **vakansieprogram begin Maandag, 28 September.**
- Die **skool begin** weer **Maandag, 5 Oktober.**

## SPORT

- Uitslae vir hokkie, krieket, sagtebal en tennis: Skakel

## WEEK 14: BYBELVERS EN ETENSTAFEL-GESPREK

By Laerskool Tygerpoort glo ons dat God se Woord hoop, vreugde en inspirasie bring. Elke maatjie het 'n pakkie kaarte ontvang met 33 weke se Bybelversies op. Hierdie verse gaan deel vorm van ons opening, afsluiting, gewyde sang, VCSV, lofprysing en talle ander skoolaktiwiteite. Ons etenstafel-gesprekke help kinders om hul kommunikasievaardighede, selfvertroue en luistervaardighede te ontwikkel, terwyl dit ook gesinsbande versterk.

Volg die skakel vir hierdie week se tema: Week 14

## EISTEDDFOD BEELDENDE KUNS UITSLAE 2026

Itemwenners:

| | | |
|---|---|---|
| • Marjoneke Smit | Beeldhou | Graad 1 |
| • Christian Abrahamse | Fotografie | Graad 4 |
| • Rubi Brand | Keramiek | Graad 1 |
| • Marco Moolman | Teken | Graad R |
| • Ruben Hayes | Teken | Graad 6 |

| | |
|---|---|
| A++ | 9 kunswerke |
| A+ | 12 kunswerke |
| A | 12 kunswerke |
| B+ | 8 kunswerke |
| B | 3 kunswerke |

## OPPIE TONG AF REDENAARS NASIONALE FINAAL

Baie geluk aan die volgende sprekers wat deurgedring het na die Nasionale Finaal van Oppie Tong Af Redenaars wat op 8 – 10 Oktober sal plaasvind:

<u>Individuele redenaars</u>:
Christiaan Hechter en Helgard Raubenheimer (graad 1); Laroche Jacobs (graad 2); Ané Hechter (graad 3); Sebastian Bornman (Afrikaans + Engels); Chiané Bloomberg; Eric Smit en David Hechter (graad 5).

<u>Spanredenaars</u>:
Graad 1: Christiaan Hechter; Helgard Raubenheimer; Heinrich Heyl; Miché Brink
Graad 5: David Hechter; Chiané Bloomberg; Zihan Wepener; Sophia Wielsma
Graad 6: Daniël Groenewald; Bella Joubert; Luca Pretorius; Dinieke du Plessis

## BERGFIETSRY

Baie geluk aan Wandré Durand en Nicolis Viviers wat gekies is om deel te wees van die Gauteng Bergfietsry-span! Hulle sal die provinsie met trots verteenwoordig en ontvang Gauteng-spanuitrusting as erkenning van hul prestasie.

Ons wil ook graag baie geluk sê aan die volgende leerders wat gekies is om Laerskool Tygerpoort te verteenwoordig by die School Cycling South Africa National Finals wat by Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch plaasvind van 27 tot 29 September, gedurende die skoolvakansie.

- <u>Seuns</u>:
  Wandré Durand, Nicolis Viviers, Jorniel Strydom, Eric Smit, Sebastian Vlok, Joshua Jacobs, Pieter Smit, Lyam Meyer, Zayden van Zyl en Nicolas Vlok
- <u>Dogters</u>:
  Izelle Greeff, Suané Cave, Elmay Muller, Caz-lee van Tonder en Miané Strydom

Ons is baie trots op elkeen van julle! Julle harde werk, toewyding en deursettingsvermoë het julle tot op hierdie vlak geneem. Ons wens julle alle sterkte en sukses toe met die nasionale finaal.

## ATLETIEK: MASSABYEENKOMS

Dit is weer tyd vir atletiek! **Maandag, 5 Oktober** hou ons ‘n massabyeenkoms.

- Leerders neem aan items waarvoor hul uitgedun het (14 – 17 September) in hul onderskeie ouderdomsgroepe, deel. Alle leerders is welkom om aan die middelafstande deel te neem.
- Leerders neem in **volgende jaar se ouderdomsgroepe** deel.
- Daar sal leiding gegee word aan leerders wat aan nuwe items deelneem.
- Die volgende ouderdomsgroepe kry die volgende nuwe items waarin hulle kan deelneem, by:
  - Graad 3 – Gewigstoot, hoogspring en verspring
  - Graad 5 – Diskus en spiesgooi
- Leerders moet asb. sonroom, ‘n hoed en water saambring vir die dag.
- Die graad 7-leerders gaan nie deelneem nie, omdat hulle volgende jaar in die o.14-ouderdomsgroep sal wees. Die graad 7-leerders gaan as helpers en dirigente by hierdie byeenkoms optree.
- **Program** (5 Oktober): Skakel

Ouers is welkom om die byeenkoms by te woon en die leerders te ondersteun.

**SOKKIE (Graad 4-7)**

- **Datum:** 9 Oktober
- **Tema:** Japanees
- **Toegang:** R100 (toegang, water, koeldrank en 'n roomys)
- **Tyd:** 18:00 - 20:00 (graad 4-6) en 18:00 - 20:30 (graad 7)
- **Ekstra te koop:** "Noodles", springmielies, "bubble tea", water en koeldrank (kaartfasiliteite beskikbaar)
- **Kaartjies**: Beskikbaar op d6 **vanaf 21 September**
- 'n "**360-photo booth**" is beskikbaar teen R20 per video (ongeveer 30 sekondes). Leerders kan die koste deel en die koepons word by die sokkie verkoop. Die video word per WhatsApp na die leerder wat die koepon gekoop het, se nommer (of ouer s'n) gestuur. Dit mag dan daarvandaan na die res van die maats aangestuur word.






- NUWE HUISPLANNE
- MULTIRESIDENSIËLE ONTWIKKELINGS
- RENOVASIES / OPKNAPPINGS / AANBOUINGS
- HERGOEDKEURING VAN VERLORE BOUPLANNE

**KONTAK ONS VIR 'N KWOTASIE**

**084 989 6024**

RAS ARCHITECTS

# PSG Wealth

## Jou toekoms begin vandag



Dink aan 'n aftrede met gemoedsrus, waar jou kinders se opvoeding verseker is en jou welvaart vir jou werk. Daardie toekoms begin met die keuses wat jy vandag maak. **Kom ons ontsluit jou finansiële potensiaal met 'n GRATIS welvaartevaluering.**

Wat ons na jou reis toe bring:

- **Aftreebeplanning** – bou die aftrede wat jy verdien
- **Beleggings- en portefeuljebestuur** – groei slimmer, nie moeiliker nie
- **Aandelemakelarydienste** – benut markgeleenthede
- **Werknemervoordele** – skep waarde vir jou span
- **Lewens- en risikodekking** – beskerm wat saak maak
- **Boedelbeplanning en testamente** – bewaar jou nalatenskap



**Lorika Steyn CFP®**
Welvaartadviseur
S 083 225 2695
T 086 177 4000
E lorika.steyn@psg.co.za

**PSG Kantoor van die jaar 2025/6** PSG Wealth Pretoria-Oos | 14 keer wenner

PSG Wealth Pretoria-Oos 4de Verdieping, Lynnwood Bridge Office Park 4 Daventrystraat, Kaaimans-gebou, Lynnwood Manor, Menlo Park, 0081

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer. FDV 728




**Maak die meeste van jou vakansie – verbeter jou Wiskunde!**

• Gebruik die vakansie om agterstande in te haal, jou selfvertroue te bou en jou Wiskundevaardighede te verbeter.

• Ons spesiale vakansie-hersieningspakkette help jou om met selfvertroue die volgende kwartaal aan te pak!

Moet nie hierdie spesiale aanbod misloop nie – **skryf nou in!**

Kontak ons:

**084 877 8880/073 563 4454**

Mooikloof@mastermaths.co.za






somethingai.

PRAKTIESE WERKSWINKEL · SLEGS 10 PLEKKE

# Jou kompetisie gebruik reeds AI. Doen jy?

Nie net nog 'n chatbot nie. Kom ons wys jou hoe AI régte werk doen — kwotasies, fakture, e-posse, kontrakte en meer. Jy stap weg met die nodige sodat jy dadelik kan begin.

- Tygerpoort NG Kerk Square
- Woensdae 07:30–09:00 of Saterdae 08:00–10:00
- R950 per persoon
- Beperk tot 10 plekke — eerste kom, eerste bedien

**Werk die QR-kode nie?**
Skakel of WhatsApp **083 256 1662**
of stuur 'n e-pos aan **niel@somethingai.co.za**

**Skandeer om te bespreek**

Vul jou besonderhede in en kies 'n tyd. **Ek bevestig jou plek persoonlik.**

Aangebied deur **Niel** · SomethingAI


Ons bou
STERK
lesers!
Little Readers
and Pre - Readers
CREATING A LIFELONG FOR READING
3-13
jaar
082 926 6066 silverlakes@littlereaders.co.za
www.littlereaders.co.za


TINA COWLEY
Reading Centre
Leessentrum
LEES
IS N
FEES!
Versterk jou kind se lees met 'n persoonlike program wat selfvertroue bou en potensiaal ontsluit.
Elnett Bergh
084 556 3121
Tina Cowley Silverlakes
elnett@tcsilverlakes.co.za
Ontwikkel omvattende leesvaardighede
Verbeter algehele leervermoëns .
Tina Cowley
Leessentrum-Reading Centres
Silverlakes


HOP HASIE HOP 082 823 5103
Hop Hasie Hop
Soft Play & Jumping Castles
082 823 5103
Double Tropical Slide
8m long 3m wide
Free delivery and collection within 10KM of Shere
R700 per day
R1250 per weekend
HOP HASIE HOP 082 823 5103
Whatsapp: 0828235103


Wil jy dans?
Moenie wag tot volgende jaar nie! Jy kan NOU aansluit,
en steeds in ons eindjaarproduksie wees!
BALLET | MODERN | AKRO | HIP HOP
ALMAL VANAF 4 JAAR WELKOM!
5 6 7 ei8ht
whatsapp ons!
076 698 8824







Ek is Edwin Prinsloo, 'n PGA gekwalifiseerde afrigter met 'n groot liefde vir gholf en 'n passie om dit oor te dra aan kinders, maak nie saak of hulle nog nooit 'n stok vasgehou het nie, of alreeds die basiese tegnieke onder die knie het nie.

*Gholf leer kinders meer as net om te dryf en te putt, dit bou fokus, geduld en sportmansgees wat hulle lewenslank sal dien.*



**Wat bied ek :**

- Persoonlikke aandag vir elke leerling
- Fokus op grondslag: "grip, stance, swing, put"
- Pretvolle, geduldige leeromgewing
- Individuele les - **R450 vir 45 min**
- Individuele les met GC3 launch monitor - **R550**
- Groep les - **R350 vir 1 uur (maks 4)**
- "On course" les - **R700** (speel 9 gaatjies saam met die leerder en help leerder op die baan)

**Waar :**

- Boschkop Driving Range (6min weg van Laerskool Tygerpoort)

**KONTAK BESONDERHEDE**

WhatsApp **071 614 5681 / 083 641 5711**

**edwin.prinsloo@yahoo.com**

# VERWYSING :

**Sedert Ineke die afgelope twee kwartale gholflesse by Edwin kry, het ons nie net 'n groot verbetering in haar golf gesien nie, maar veral ook in haar belangstelling en liefde vir die sport.**

**Sy sien opreg uit na haar gholflesse en voel dat Edwin vir haar die nodige persoonlike aandag gee om haar te help om 'n beter gholfspeler te word. Hy gaan uit sy pad om haar gemaklik te laat voel en skep 'n omgewing waar sy kan leer, konsentreer en terselfdertyd haar gholf geniet.**

**Wat vir my veral uitstaan van Edwin, is dat dit nie net vir hom gaan oor tegniek en om 'n beter gholfspeler te bou nie. Hy verstaan dat 'n jong speler eers die sport moet geniet en lief raak daarvoor. Daardie liefde en genot vir gholf wat hy aan Ineke probeer oordra, kry hy 100% reg.**

**Ons kan dit duidelik sien in hoe haar belangstelling gegroei het en hoe sy elke week uitsien na haar volgende les.**

**Ek kan Edwin met groot vrymoedigheid aanbeveel aan enige ouer wat iemand soek wat nie net hul kind se gholf gaan verbeter nie, maar hulle ook gaan help om werklik lief te raak vir die sport.**

**-Chris Schutte-**